

Mr. Esterhuizen

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.



BUITENGEWONE OFFISIËLE KOERANT

UITGAWE OP GESAG.

VAN SUIDWES-AFRIKA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

1/- Monday, 8th December, 1952. WINDHOEK Maandag, 8 Desember 1952. No. 1733.

CONTENTS

INHOUD

	Page		Bladsy
GOVERNMENT NOTICES—			
No. 374. Canned Fish: Permit for Export. . .	3739	GOEWERMENSKENNISGEWINGS—	
No. 375. Liquor Licensing Regulations. . .	3741	No. 374. Ingemaakte Vis: Permit vir Uitvoer. . .	3739
		No. 375. Dranklisensie-Regulasies. . .	3741
GENERAL NOTICE—			
No. 95. Sale of Goods — Customs — Luderitz. . .	3749	ALGEMENE KENNISGEWING—	
		No. 95. Veiling van Goedere—Docane—Luderitz. . .	3749

Government Notices.

Goewermentskennisgewings.

The following Government Notices are published for information.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. NESER,
Secretary for South West Africa.

J. NESER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Administrator's Office,
Windhoek.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 374.] [8th December, 1952.

No. 374.] [8 Desember 1952.

It is hereby notified for general information that the Administrator has been pleased, in terms of paragraph (iii) of sub-section (1) of section 25 of the Sealing and Fisheries Ordinance, 1949 (Ordinance No. 12 of 1949), to approve of the following regulations:—

Ter algemene inligting word daar hierby bekend gemaak, dat dit die Administrateur behaag het om ingevolge paragraaf (iii) van sub-artikel (1) van artikel 25 van die Ordonnansie op Robbevangs en Visserye 1949 (Ordonnansie 12 van 1949), die volgende regulasies goed te keur:—

1. As from the 1st January, 1953, and until further notice, no canned fish shall be exported from the Territory to any country or territory, including the Union of South Africa, for consumption except under authority of a permit issued by the Administrator or a person authorised by him.

1. Met ingang 1 Januarie 1953, en tot nadere kennisgewing mag daar geen ingemaakte vis uit die Gebied na enige ander land of gebied, insluitende die Unie van Suid-Afrika, ter verbruik uitgevoer word nie, buiten met die magtiging van 'n permit uitgereik deur die Administrateur of sy gemagtigde.

2. Permits shall be subject to the following conditions:—

2. Permittie is onderhewig aan die onderstaande voorwaardes:—

(a) The canned fish to be exported shall have been prepared and treated in factories duly licensed under the provisions of the Sealing and Fisheries Ordinance, 1949 (Ordinance No. 12 of 1949).

(a) Die ingemaakte vis wat vir die uitvoer bestem is, moet voorberei en bewerk gewees het in fabriek wat behoorlik ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Robbevangs en Visserye 1949 (Ordonnansie 12 van 1949) gelisensieer is.

(b) Representative samples of the canned fish to be exported shall have been examined by an inspector, appointed by the Administrator, and passed by him as fit for export.

(b) Die inspekteur wat deur die Administrateur daartoe aangestel is, moet getroue monsters van die ingemaakte vis wat vir die uitvoer bestem is, ondersoek het en as geskik vir die uitvoer goedgekeur het.

3. In order to enable the inspector to examine the canned fish to be exported the consignor shall submit an application for examination to the inspector at least ten days before the date the despatch of such canned fish is intended to take place, furnishing him with information as to the quantity and the location thereof.

3. Minstens tien dae voordat die ingemaakte vis versend gaan word, moet die versender die inspekteur om 'n ondersoek vra, en hom inlig oor die hoeveelheid ingemaakte vis en oor die ligging van die opslagplek daarvan, sodat die inspekteur so 'n ondersoek kan instel.

4. Any inspector in the execution of his duty may—
- at any time enter any factory, store or other premises where canned fish intended for export is treated or stored on board any vessel, vehicle or other conveyance on which such canned fish is transported;
 - remove any such canned fish from any such premises, vessel, vehicle or conveyance for the purposes of determining whether such canned fish complies with the provisions of these regulations;
 - subject to the provisions relating to appeals by consignors of canned fish provided for in these regulations, reject any consignment of canned fish if such consignment does not meet the requirements of these regulations;
 - notwithstanding the fact that canned fish has been examined and passed under these regulations, re-examine any consignment, and, if on such re-examination, the product does not then comply with the regulations, he may cancel the official markings and reject the consignment.
5. Every inspector who, after conducting an examination in terms of these regulations, is satisfied that any consignment of canned fish to be exported complies with the requirements of these regulations, shall cause to be applied to each receptacle in such consignment a distinctive mark indicating that the canned fish comprising such consignment has been approved for export.
6. (1) Where any consignment of canned fish intended for export has been rejected by an inspector, such consignment shall not be disposed of for consumption within the Territory or the Union of South Africa except as provided in sub-section (2) of this regulation.
- (2) The consignor of any canned fish rejected in terms of paragraph (c) of section 4 may apply, in writing, to the Secretary for South West Africa for authority to dispose of such canned fish for consumption within the Territory or the Union of South Africa.
7. (1) Any person who is dissatisfied with a decision of an inspector under sub-section (c) of section 4 may, within 21 days after the date on which that decision was communicated to him, in writing, lodge with the Administrator an appeal against that decision.
- (2) An appeal under sub-section (1) shall be accompanied by a deposit of fifty pounds (£50) and shall state clearly the nature of the decision appealed against and the grounds of the appeal.
- (3) The Administrator shall refer any appeal lodged with him under this regulation to a board consisting of three persons to be appointed by him.
- (4) No person shall be appointed to any board as aforesaid in connection with any appeal by himself or his employer or a person in whose business he is financially interested.
- (5) The decision of any such board shall not preclude the appellant from having recourse to a court of law.
- (6) The members of any such board shall receive such allowances as the Administrator may determine.
- (7) The amount deposited with the Administrator under sub-section (2) of this section shall be refunded to the appellant if his appeal is upheld, but shall be forfeited if that appeal is dismissed: Provided that, if, in the opinion of the Administrator, the costs of an appeal in any particular case are less than the amount so deposited, the excess may be refunded to the appellant even though the appeal may have been dismissed.
- (8) The board which decides an appeal in terms of this section shall submit a complete record of the proceedings at the appeal to the Administrator and shall, if the appeal is dismissed, furnish the appellant, in writing, with the reasons for such dismissal.
- (9) Where an appeal against rejection of canned fish has been lodged with the Administrator, the appeal board shall subject the consignment of canned fish so rejected to a further examination and thereafter the appeal board may direct that the consignment may be exported or disposed of in whatever manner it may deem fit, provided
4. Ter ampsvervulling kan 'n inspekteur—
- te eniger tyd 'n fabriek, pakhuys of ander perseel waar ingemaakte vis wat vir die uitvoer bestem is, bewerk of bewaar word, of 'n vaar- of ander voertuig waarmee sodanige ingemaakte vis vervoer word, betree;
 - enige sodanige ingemaakte vis van enige sodanige fabriek, pakhuys of ander perseel, of vaar- of ander voertuig, verwyder ter vaststelling of dit aan die bepalings van hierdie regulasies voldoen;
 - bekhoudens die bepalings van hierdie regulasies oor versenders van ingemaakte vis se reg op hoër beroep, 'n besending ingemaakte vis afkeur as dit nie aan die vereistes van hierdie regulasies voldoen nie;
 - 'n besending ingemaakte vis herondersoek, al is dit reeds ingevolge hierdie regulasies ondersoek en goedgekeur, en (as dit by so 'n herondersoek blyk dat die ingemaakte vis nog nie aan die regulasies voldoen nie) die amptelike goedkeurings-tekens roeier en die besending afkeur.
5. Elke inspekteur wat by 'n ondersoek ingevolge hierdie regulasies bevind dat 'n besending ingemaakte vis wat vir die uitvoer bestem is, aan die vereistes van hierdie regulasies voldoen, moet 'n goedkeuringsteken wat aandui dat die ingemaakte vis vir die uitvoer goedgekeur is, laat aanbring op elke vislouer in die besending.
6. (1) 'n Besending ingemaakte vis wat deur 'n inspekteur afgekeur is, mag slegs ooreenkomstig die bepalings van sub-artikel (2) van hierdie regulasie ter verbruik in die Gebied of in die Unie van Suid-Afrika verhandel word.
- (2) Die versender van ingemaakte vis wat ingevolge paragraaf (c) van regulasie 4 afgekeur is, kan skriftelik by die Sekretaris van Suidwes-Afrika magtiging aanvra om sodanige ingemaakte vis ter verbruik in die Gebied of in die Unie van Suid-Afrika te verhandel.
7. (1) Elkeen wat misnoë neem met 'n inspekteursbesluit wat ingevolge paragraaf (c) van regulasie 4 geskied het, kan skriftelik daarteen appél aanteken by die Administrateur, maar dan binne 21 dae nadat die besluit hom meegedeel is.
- (2) 'n Appél wat ingevolge sub-regulasie (1) hiervan geskied, moet van 'n storting van vyftig pond (£50) vergesel gaan, en moet sowel die strekking van die beswaargewende besluit as die appélredes duidelik uiteensit.
- (3) Die Administrateur verwys 'n appél wat uit hoofde van hierdie regulasie by hom aangeleek word, na 'n appélraad van drie lede wat hy aanstel.
- (4) Niemand wat self 'n appél aangeteken het, of wat werk by 'n appéllant, of wat geldbelang het by 'n appéllant se sakeonderneming, mag in so 'n raad dien nie.
- (5) 'n Beslissing van so 'n appélraad belet 'n appéllant geensins om hom op die gereg te beroep nie.
- (6) Die lede van 'n appélraad ontvang toelaes wat die Administrateur vasstel.
- (7) Die bedrag wat daar ingevolge sub-regulasie (2) van hierdie regulasie by die Administrateur gestort word, word aan die appéllant terug betaal as sy appél slaag, maar word verbeur as sy appél misluk: Met dien verstande dat waar die Administrateur die appélkoste in 'n bepaalde saak minder as die storting bevind, die oorskot aan die appéllant terugbetaal kan word selfs al misluk sy appél.
- (8) Die raad wat ingevolge hierdie regulasie op 'n appél ingaan, moet 'n volledige afskrif van sy desbetreffende verrigtinge aan die Administrateur besorg, en moet, as die appél misluk, die appéllant skriftelik meedel waarom sy appél misluk het.
- (9) Wanneer daar by die Administrateur appél aangeteken is oor die afkeuring van ingemaakte vis, moet die appélraad die afgekeurde besending laat herondersoek. Daarop kan die appélraad beslis dat die besending uitgevoer mag word, of dat daaroor beskik word soos die raad na goeddunke gelas: Met dien verstande dat waar

that, where a consignment of canned fish has been rejected under paragraph (c) of section 4, the appeal board may dispense with such further examination and direct the manner in which such consignment shall be disposed of.

(10) Where the appeal board has authorised the export of any consignment of canned fish, it shall have the receptacles in which such canned fish is packed, marked as prescribed in section 5.

8. Any person who—

- (a) fails to comply with any provision of these regulations; or
- (b) being the consignor of a consignment of canned fish intended for export fails to comply with the direction of the appeal board in terms of subsection (9) of section 7; or
- (c) obstructs an inspector in the execution of his duty under these regulations,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred pounds (£100) or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding one year.

'n besending ingemaakte vis ingevolge paragraaf (c) van regulasie 4 afgekeur is, die appèlraad geen sodanige heronderzoek hoef te laat doen nie, maar kan gelas hoe daarvoor die besending beskik moet word.

(10) Waar die appèlraad die uitvoer van enige besending ingemaakte vis genagtig het, moet die houers waarin sodanige ingemaakte vis verpak is laat merk soos bepaal by regulasie 5.

8. Elkeen wat—

- (a) versuim om aan enige bepaling van hierdie regulasies te voldoen; of wat
- (b) as versender van 'n besending ingemaakte vis wat vir die uitvoer bestem is, versuim om te voldoen aan 'n lasgewing van 'n appèlraad ingevolge subregulasie (9) van regulasie 7; of wat
- (c) 'n inspekteur by sy ampsvulling ingevolge hierdie regulasies teengaan,

is skuldig aan 'n oortreding, en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens eenhonderd pond (£100), en, by wanbetaling, met gevangenis van hoogstens een jaar.

No. 375.]

[8th December, 1952.

LIQUOR LICENSING REGULATIONS.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by sections *sixty-five bis and one hundred and three* of the Liquor Licensing Proclamation, 1920, as amended from time to time, to make the following regulations:—

(a) DEFINITION OF TERMS.

1. In these regulations any term defined in section 3 of the Proclamation shall have the meaning assigned to it in that section. In addition, the following terms shall have the meaning shown:—

“Proclamation” means the Liquor Licensing Proclamation, 1920, as amended from time to time.

(b) AUTHORITY TO RECEIVER OF REVENUE FOR ISSUE OF LICENCE.

2. Whenever a licensing court has authorised the grant or renewal of a licence, a certificate for the issue of the licence for the authorised period shall be made out substantially in the following form by the secretary and shall be signed by the chairman or, if by reason of his absence or for any other cause the chairman's signature is unobtainable, by the secretary of the licensing court, and shall be handed by the chairman or the secretary to the applicant:—

Form No. 1.

LIQUOR LICENSING PROCLAMATION, 1920.
CERTIFICATE FOR ISSUE OF LICENCE AUTHORISED BY LICENSING COURT.

I, (chairman, or as the case may be, secretary) of the licensing court for the district of hereby certify that at a meeting held on the the licensing court authorised the issue to (or as the case may be, the renewal in favour of) of a (a) licence, entitling him for the period from the day of to the day of at the premises being (b)

to sell and deal in intoxicating liquor in terms of the provisions of the Liquor Licensing Proclamation, 1920, and subject to the following conditions and with the following privileges:—

Conditions:

No. 375.]

[8 Desember 1952.

DRANKLISENSIE-REGULASIES.

Dit het die Administrateur behaag om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikels *vyf-en-sestig bis en eenhonderd-en-drie* van die „Drank Licentie Proclamatie 1920”, soos van tyd tot tyd gewysig, die onderstaande regulasies af te kondig:—

(a) WOORDBEPALING.

1. In hierdie regulasies het elke woord of uitdrukking waarvan die betekenis by artikel *drie* van die Proklamatie bepaal word, dieselfde betekenis soos daardie artikel bepaal. Daarby het die onderstaande woord die aangeduide betekenis:—

„Proklamatie” beteken die „Drank Licentie Proclamatie 1920” soos van tyd tot tyd gewysig.

(b) MAGTIGING AAN ONTVANGER VAN INKOMSTE OM LISENSIE UIT TE REIK.

2. Wanneer ook al 'n lisensiehof die toekening of hernuwing van 'n lisensie genagtig het, moet die sekretaris 'n sertifikaat opstel ter uitreiking van die lisensie vir die genagtigde tydperk, so 'n sertifikaat moet wesenlik die onderstaande vorm volg en moet deur die voorsitter geteken word, of as die voorsitter se naamtekening weens sy afwesigheid of om enige ander rede onverkrygbaar is, deur die sekretaris van die lisensiehof, en so 'n sertifikaat moet dan ðf die voorsitter ðf die sekretaris aan die applikant besorg word:—

Vorm 1.

„DRANK LICENTIE PROCLAMATIE 1920.”

SERTIFIKAAT TER UITREIKING VAN LISENSIE BEKRAGTIG DEUR LISENSIEHOF.

Ek, (voorsitter, of, na gelang, sekretaris) van die lisensiehof vir die distrik getuig hierby dat die lisensiehof in 'n sitting gehou op die die uitreiking aan (of, na gelang, die hernuwing ten gunste van) van 'n (a) -lisensie, gemagtig het, om hom in staat te stel om vir die tydperk van die dag van tot op die dag van op die perseel, naamlik (b)

sterk drank te verkoop en te verhandel ooreenkomstig die bepalings van die „Drank Licentie Proclamatie 1920”, op die volgende voorwaardes en met die volgende voorregte:—

Voorwaardes:

Privileges:

Doorregte:

Chairman/Secretary of
Licensing Court.

Voorsitter/Sekretaris van
die Lisensiehof.

Place
Date

Plek
Datum

- (a) Insert nature of licence.
- (b) Insert full description of premises.

- (a) Voeg in watter soort lisensie.
- (b) Voeg in volledige beskrywing van perseel.

(c) DECLARATION OF QUALIFICATION BY MEMBER OF LICENSING COURT.

(c) VERKLARING VAN BEVOEGDHEID DEUR LID VAN LISENSIEHOEF.

3. The declaration which, in terms of section 26 *ter* (3) of the Proclamation, must be signed by a member of the court and handed to the chairman not more than seven days before the annual meeting of the court of which he is a member, shall be in the following form:—

3. Die verklaring wat 'n lid van 'n lisensiehof ingevolge artikel 26 *ter* (3) van die Proklamasie moet teken, en wat hy hoogstens sewe dae voor die jaarsitting van die hof waarvan hy lid is, aan die voorsitter moet inlewer, moet die onderstaande vorm volg:—

Form No. 2.

Vorm 2.

LIQUOR LICENSING PROCLAMATION, 1920.

„DRANK LICENTIE PROCLAMATIE 1920.”

DECLARATION OF QUALIFICATION BY MEMBER OF LICENSING COURT.

VERKLARING VAN BEVOEGDHEID DEUR LID VAN 'N LISENSIEHOEF.

I,, a member of the licensing court of the district of do hereby declare that I am acquainted with the provisions of section 26 *ter* of the Liquor Licensing Proclamation, 1920, and that, to the best of my knowledge and belief, I am not disqualified from sitting as a member of the licensing court by reason of being a person, or one of a class of persons, described in the said section.

Ek,, 'n lid van die lisensiehof vir die distrik, verklaar hierby met my hele kennis en oortuiging dat ek op hoogte is van die bepaling van artikel 26 *ter* van die „Drank Licentie Proclamatie 1920” en dat ek nie resorsteer onder diene wat daardie artikel noem nie, en dat ek dus nie onbevoeg is om as lid van die lisensiehof op te tree nie.

(Sgd.)

Naamtekening.

Place
Date

Plek
Datum

(d) TEMPORARY LIQUOR LICENCE.

(d) TYDELIKE DRANKLISENSIE.

4. Any person who desires the issue to himself of a temporary liquor licence at any place of recreation or amusement, whether such place of recreation or amusement be upon licensed premises or elsewhere, shall apply in terms of section 21 of the Proclamation to the magistrate of the district concerned substantially in the following form:—

4. Elkeen wat 'n tydelike lisensie wil hê om drank te verkoop op 'n ontspannings- of vermaaklikheidssterrein, hetsy sodanige terrein op 'n gelisensieerde perseel is of nie, moet ingevolge artikel 21 van die Proklamasie aansoek doen by die magistraat van die betrokke distrik, en die aansoek moet wesenlik die onderstaande vorm volg:—

Form No. 3.

Vorm 3.

LIQUOR LICENSING PROCLAMATION, 1920.

„DRANK LICENTIE PROCLAMATIE 1920.”

APPLICATION FOR TEMPORARY LIQUOR LICENCE.

AANSOEK OM TYDELIKE DRANKLISENSIE.

The Magistrate,

Die Magistraat,

I, (a), residing at, being the holder of a retail or light liquor licence (b), hereby apply for a temporary liquor licence for the sale of liquor/light liquor between the hour of and on the following days at a place of recreation or amusement, particulars of such recreation or amusement being (here give particulars as to the type or class of recreation or amusement), where (c) bars will be conducted by me.

Ek, (a), woonagtig op, houer van 'n kleinhandel- of ligtedranklisensie (b), doen hierby aansoek om 'n tydelike dranklisensie vir die verkoop van sterk/ligte drank tussen die ure en op die volgende dae te 'n ontspannings- of vermaaklikheidssoort, waar die ondergenoemde ontspannings- of vermaaklikheidsbedrywighede gaan plaasvind (noem die soort ontspanning of vermaaklikheid), en waar ek (c) drinklokale sal bestuur.

I further declare that the profits derived from the sale of liquor under such temporary licence will be devoted entirely to patriotic/educational/charitable/athletic/religious or similar objects or to the support of hospitals, to wit (here give particulars as to what object the entire profits from the sale of liquor will be devoted) (d).

Ek verklaar voorts dat die profyt uit die verkoop van drank ingevolge sodanige tydelike lisensie geheel gewy sal word aan patriotiese/opvoedkundige/liefdadige/athletiese/godsdienstige of soortgelyke doelindes of aan die ondersteuning van hospitale, naamlik (gee hier besonderhede oor die doel waarvoor al die profyts uit die verkoop van drank gebruik sal word) (d).

(Sgd.)

Naamtekening.

Place
Date

Plek
Datum

- (a) State full name.
- (b) State type of licence held, or if no licence held delete words.
- (c) State number of bars to be conducted.
- (d) To be filled in where applicant is not the holder of a retail or light liquor licence.

- (a) Gee naam voluit.
- (b) Noem soort lisensie wat gehou word, of, waar geen lisensie gehou word nie, skrap die woorde.
- (c) Gee getal drinklokale wat bestuur sal word.
- (d) Moet voltooi word waar applikant geen kleinhandel- of ligtedranklisensie hou nie.

5. A magistrate granting any application for a temporary liquor licence made to him in terms of regulation 4 of these regulations shall require the applicant to pay to the receiver of revenue the fee fixed by paragraph (4) of the Second Schedule to the Proclamation in respect of such licence, and upon production to him of the receiver of revenue's receipt therefor, shall issue to the applicant a licence substantially in the following form:—

Form No. 4.

LIQUOR LICENSING PROCLAMATION, 1920.
TEMPORARY LIQUOR LICENCE.

Licence is hereby granted to the holder of a retail or light liquor licence (a), to sell intoxicating liquor at from bars, on the following days and during the following hours daily subject to the following restrictions and conditions

This licence during its currency entitles the holder to enjoy the privileges, and subjects him to the obligations, of the holder of a retail/light liquor licence.

A receipt for £ No. issued by the receiver of revenue for the fees due in respect of this licence has been produced to me.

Magistrate.

Place
Date

(a) Delete if not applicable.

(c) LICENSING COURT'S CONDITIONAL AUTHORITY FOR GRANT OF A RETAIL / LIGHT LIQUOR LICENCE.

6. Any person who desires to obtain an authority under sub-section (3) of section 35 bis of the Proclamation for a retail or light liquor licence for premises which it is proposed to build on land situated within a municipality or village management board area, or in respect of premises situated within a municipality or village management board area which are already erected and which require additions or alterations to make them suitable as an hotel, which premises, when erected or added to or altered, apart from the land on which they are to be built or are built will be of the value of five thousand pounds or upwards, shall be required to make application therefor substantially in the following form:—

Form No. 5.

LIQUOR LICENSING PROCLAMATION, 1920.

APPLICATION IN TERMS OF SECTION 35 bis FOR LICENSING COURT'S CONDITIONAL AUTHORITY FOR GRANT OF A RETAIL / LIGHT LIQUOR LICENCE.

The Magistrate,

I, (a) of (b) hereby apply for the conditional authority of the licensing court for a retail/light liquor licence in respect of premises which I propose to build on land situated (c) and within the municipality/village management board area of or in respect of Premises situated (d) within the municipality/village management board area of which are already erected and which require additions or alterations to make them suitable as an hotel. I further declare that the said premises when erected, or when altered or added to, apart from the land on which they are to be built or are built, will be of the value of five thousand pounds or upwards.

I attach hereto Annexure "A" giving a description of the premises as they will be when completed, and a plan (Annexure "B") drawn to scale clearly showing the dimensions and arrangements of the internal structure together with all doors, windows and means of external and internal communications and the streets or places to which such means of external communication will lead.

5. 'n Magistraat wat 'n aansoek om 'n tydelike dranklisensie wat ingevolge regulasie 4 hiervan aan hom gedoen is, toestaan, moet die applikant aansoek om die gelde, vasgestel by paragraaf (4) van die tweede bylae van die Proklamasie, ten opsigte van so 'n lisensie aan die ontvanger van inkomste te betaal, en wanneer die ontvanger van inkomste se kwitansie aan hom getoon word, moet die magistraat aan die applikant 'n lisensie uitreik wat wesenlik die onderstaande vorm volg:—

Vorm 4.

„DRANK LICENTIE PROCLAMATIE 1920.”
TYDELIKE DRANKLISENSIE.

Lisensie word hierby toegestaan aan die houer van 'n kleinhandel- of ligtedranklisensie (a), om sterk drank te verkoop by die volgende dae en op elke sodanige dag gedurende die volgende ure onderhewig aan die onderstaande beperkings en voorwaardes

Solang hierdie lisensie geld, het sy houer die voorregte, en is hy onderhewig aan die verpligtinge, van 'n houer van 'n kleinhandel-/ligtedranklisensie.

'n Kwitansie vir £ No., uitgereik deur die ontvanger van inkomste vir gelde betaalbaar ten opsigte van hierdie lisensie, is aan my getoon.

Plek
Datum
Magistraat.

(a) Skrap wat nie van toepassing is nie.

(c) LISENSIEHOF SE VOORWAARDELIKE MAGTIGING TOT TOEKENNING VAN 'N KLEINHANDEL-/LIGTEDRANKLISENSIE.

6. Elkeen wat ingevolge sub-artikel (3) van artikel 35 bis van die Proklamasie magtiging wil verkry vir 'n kleinhandel- of ligtedranklisensie ten opsigte van 'n perseel wat, na voorneme, op grond binne 'n munisipale of dorpsbestuursgebied opgerig gaan word, of ten opsigte van 'n reeds opgerigte perseel op grond binne 'n munisipaliteit of dorpsbestuursgebied, wat vergroot of verander moet word om as hotel geskik te wees, waar sodanige perseel, wanneer dit opgerig, vergroot of verander is, afgesien van die grond waarop dit gebou gaan word, of is, minstens vyfduisend pond werd sal wees, moet om sodanige lisensie aansoek doen in 'n vorm wat wesenlik die onderstaande vorm volg:—

Vorm 5.

„DRANK LICENTIE PROCLAMATIE 1920.”

AANSOEK INGEVOLGE ARTIKEL 35 bis OM DIE LISENSIEHOF SE VOORWAARDELIKE MAGTIGING VIR 'N KLEINHANDEL-/LIGTEDRANKLISENSIE.

Die Magistraat,

Ek, (a) van (b) doen hierby aansoek om die lisensiehof se voorwaardelike magtiging vir 'n kleinhandel-/ligtedranklisensie ten opsigte van 'n perseel wat ek na voorneme gaan bou op grond (c) en binne die munisipaliteit/plaaslike bestuursgebied geleë te (d) of ten opsigte van 'n perseel

wat reeds opgerig is en wat vergroot of verander moet word sodat die perseel as hotel geskik kan wees. Ek verklaar voorts dat die vermelde perseel, afgesien van die grond waarop dit gebou is of gaan word, na oprigting, vergroting of verandering, minstens vyfduisend pond werd sal wees.

Ek heg Aanhangel A hierby aan met 'n beskrywing van die perseel soos dit by voltooiing sal lyk, en 'n boukets (Aanhangel B) volgens skaal geteken wat die afmetings en inrigting van die binnehouwerk as ook die deure, vensters, gange en uitgange, en die strate en ander plekke waarheen die uitgange loop.

I desire that this application shall be considered at the annual/September meeting of the licensing court.

Ek vra die lisensiehof om hierdie aansoek by sy jaar-/Septembersitting te oorweeg.

(Signature)

Naamtekening.

Place

Plek

Date

Datum

N.B.—This application must be accompanied by the affidavit referred to in section 35 bis (2) of Proclamation No. 6 of 1920, as amended.

Let wel.—Hierdie aansoek moet vergesel gaan van die beëdigde verklaring genoem in artikel 35 bis (2) van Proklamasie 6 van 1920, soos gewysig.

- (a) Full name of applicant.
- (b) Full address of applicant.
- (c) Exact situation of land.
- (d) Exact situation of premises.

- (a) Applikant se naam voluit.
- (b) Applikant se volledige adres.
- (c) Presiese ligging van die grond.
- (d) Presiese ligging van die perseel.

7. Whenever a court has granted an application made in terms of section 35 bis for the issue of a conditional authority for a retail/light liquor licence in terms of that section, a certificate substantially in the following form shall be made out by the secretary and shall be signed by the chairman, or if by reason of his absence or for any other cause the chairman's signature is unobtainable, by the secretary of the court, and shall be handed by the chairman or the secretary to the applicant:—

7. Wanneer ook al 'n hof 'n aansoek toegestaan het wat ingevolge artikel 35 bis gedoen is om die verlening van 'n voorwaardelike magtiging ter uitreiking van 'n kleinhandel-/ligtedranklisensie, moet die sekretaris 'n sertifikaat (wat wesenlik die onderstaande vorm volg) voltooi, en moet die voorsitter van die hof (of, waar sy naamtekening weens sy afwesigheid of andersins onverkrygbaar is, die sekretaris) dit onderteken, en moet die voorsitter of die sekretaris dit aan die applikant besorg.

Form No. 6.

Vorm 6.

LIQUOR LICENSING PROCLAMATION, 1920.

„DRANK LICENTIE PROCLAMATIE 1920.”

CONDITIONAL AUTHORITY FOR THE ISSUE OF A LICENCE.

VOORWAARDELIKE MAGTIGING VIR DIE UITREIKING VAN 'N LISENSIE.

